# Liturgiese Riglyne

**<u>SONDAGOGGEND 09:00</u>**

## ʼn Nuwe lewe in Christus (2): Om God te ken is die lewe

**<u>Skriflesing</u>:**
2 Timoteus 3:10-4:5;
Handelinge 8:26-40
(2020)

**<u>Teksvers</u>**:
2 Timoteus 3:16,17

**<u>Sing</u>:**
Ps 18:1 en 14
Ps 40:3 en 4
Ps 119:4, 7
Ps 119:39
Ps 33:2, 5 en 11
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Van brood alleen sal die mens nie leef nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God gaan. Nie net skep God deur sy Woord nie, Hy herskep. Hy bring lewe uit die dood. God se Woord is die wonderlikste denkbare geskenk wat enige mens kan ontvang. Dit is die lewe self.

Daarom moet God se Woord vir ons kosbaar wees, dit moet ons lewe omsluit. Dit moet ons asemhaling wees om God te ken. Deur God se Woord ken ons Hom, spreek Hy tot ons, bestaan ons.

Vanoggend dink ons na oor die wyse waarop Christene God se Woord hulle hele lewe vervul en rig.

**<u>SONDAGAAND 18:00</u>**

## Jongmens, onthou wat jy geleer het

**<u>Skriflesing:</u>**
2 Timoteus 3
(1983)

**<u>Teksvers</u>**:
2 Tim 3:14,15

**<u>Sing</u>:**
Ps 119:1,4
Ps 1:1,2
Ps 43:3,4
Ps 2:6
Sb 14-3:2,3,4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

As leraars word ons gereeld geskok oor ons eie jongmense se afvalligheid van die geloof. Soms selfs ongeloof en direkte opstand teen die heilige dinge van God!

Die duiwel gaan rond soos 'n brullende leeu om te verslind. Laat ons mekaar opskerp en aanmoedig om waaksaam te wees. Dink veral aan ons jongmense...

Bid vir ons jongmense wat 'n geweldige aanslag van die Bose moet trots eer.

Die Versoeker het sy oog op ons jeug wat die vryheid soek. Soms ontaard hierdie vryheid in losbandigheid.

Vanaand se erediens sluit dus aan by die belydenisklas-kamp wat hierdie naweek plaasvind:

"*onthou wat jy geleer het...*"




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49 Nr 33 13 Okt 2024**


## Skerper as ʻn Tweesnydende Swaard

Een van die grootste gevare van die Christendom is ʻn baie onverwagse en skynbare onskadelike vyand. Dit is nie ʻn boosaardige gedrog wat jou wil oorrompel en verskeur, soos ʻn brullende leeu wat op jou afstorm nie, maar een wat lyk soos ʻn engel van die lig. Dit is gewoonlik die skadelikste dwaling, wat die naaste is aan die waarheid. Dwalinge is nie blote namaaksels van die waarheid soos ʻn goedkoper opsie wat *Made in China* is nie.

U sien, hierdie gevaar wat menige gelowiges tot ʻn val gebring het, is gemaksug. Dit is die veronderstelling dat jy as gelowige "*veilig*" is en niks kan oorkom nie, omdat jy die Bybel ken. Dit is die gerief van ʻn Bybel in die sak, maar God se Woord wat ver van jou hart is.

Baie self-identifiserende Christene verklaar hulself as Bybel kenners, en sommige van hulle ken inderdaad die Bybel goed, maar die Woord van God bring geen verandering in hulle lewe nie. Vir baie toegewyde gelowiges is die Bybel ʻn sentrale deel van hulle lewe, en tog leef hulle nie die Bybel nie.

Om Bybel te lees het ʻn gewoonte geword, ʻn manier om geestelik gerus gestel te word. Hoeveel maal het u nie al die Bybel gelees en eintlik al vergeet wat jy gelees het nog voordat jy die Bybel terugplaas op jou bedkassie? Dit is soos iemand wat in ʻn spieël kyk en onmiddellik vergeet hoe hy lyk (1 Korintiërs 13).

God se Woord is die bekendmaking van die Skepper van hemel en aarde. Dit is die eie Woord van God, die Almagtige aan wie jou hele bestaan te danke is. God wil met sy kinders praat, Hy wil hulle onderrig en bemoedig, waarsku en vermaan, maar sy kinders wil nie na sy stem luister nie. Ons het so besig geword dat ons nie meer tyd het om te hoor wat God vir ons wil sê nie.

Maar weet u, die oomblik as jy jou tyd anders inrig, om tyd te maak vir God om jou tiende van jou tyd ook aan die Here te wy, om Hom te leer ken, dan verander dit jou lewe. Want God se Woord is skerper as ʻn twee snydende swaard. Dit dring deur gewrigte en murg. Dit sny waar geen lem kan bykom nie. Dit opereer jou hart.

Maak tyd vir God, laat die Woord van God deur die Heilige Gees jou verander deur jou denke te vernuwe. Beproef die goeie en volmaakte wil van God, dan sal jy ware vreugde en vrede ervaar.

Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

**Die nuwe lewe in Christus!**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Hersiening, Les 22, Ps 107:1 Volgende week: Les 23, Ps 107:1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Die blinde man, Ps 33 Volgende week: Petrus loop op die water, Ps 33

| **KOLLEKTES** | | |
|---|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Teol studentekas** (by die deure) | **Instandhoudingsfonds** |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Bybelverspreiding** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za






## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**13 Okt**
Elke Nel B11
Esme vd Berg C1,C15
Larochelle vd Bergh B14

**20 Okt**
Magda vd Schyff A3
Thereza Myburgh B1
Madelein van Zyl C9

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerk-gebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R510 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Nov 2024. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

Aansoeke sluit **21 Okt 2024**

**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/ verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Drieslaapkamerhuis te huur** in Celtisdal. 1km vanaf Laerskool Wierdapark. Beskikbaar vanaf Nov/ Des 2024. Charlotte Fourie 0834099080.

**Voetversorging** – eelte, ingroei toonnaels, liddorings en skuur van hake, ligte voetmassering, knip en verf naels. Dames en mans R220, pensionarisse R170. Ansie Kruger 072 063 1062 te La Vie Aftree-oord.


## Eljada Huis se spens is leeg!

Die afgelope tyd het die donasies van onbederfbare voedsel baie afgeneem. Die gevolg is dat kos aangekoop moet word om die gesinne elke dag te voed. Dit is 'n groot uitgawe om tans 20 gesinne (51 mense) daagliks van basiese middele te voorsien. Dink asseblief aan Eljada Huis as julle inkopies gaan doen. 'n Ekstra blikkie vis of groente kan help!

Die 13de Desember sluit Eljada Huis vir die feesseisoen en dan moet die gesinne genoeg kos hê vir daardie tyd, dus het hulle ekstra voorrade nodig! 'n Goeie geskenk vir hulle is enige vorm van onbederfbare kos. Indien elke gesin iets in die trollie by die Olyfboom plaas op 'n Sondagoggend, maak ons baie harte bly!!

Baie dankie vir almal se volgehoue bydraes!! Dit word opreg waardeer!! Kyk na hulle nuusbrief op die kennisgewingbord.

Liesje Kuperus 083 481 1160



Gereformeerde Kerk Centurion

Sondag, **10 November, 2024**

**16:30 – Dinosourusse en die Bybel**

Pieter le Roux – CMI spreker

Nooi jou familie en vriende!





**GTA – Tieners en Gesinne**

Boskopdam – Seilnaweek

**5-8 Desember 2024**

Kontak ds Maarten
**voor 27 Okt**
indien jy wil saamgaan

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Behoeftebepaling: <u>Moontlike</u> Grootdruk Psalmboek

Handig u naam by die kerkkantoor in, indien u belangstel in 'n **groter lettertipe Ps boek**. Daar is tans geen prys beskikbaar nie aangesien die boeke in die buiteland gedruk gaan word, indien die belangstelling die druk daarvan regverdig.



# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13 Okt | Helena | du Plessis | C06 | 27797511957 |
| | Elza | Grobler | C07 | 27829628494 |
| | Tillie | Kloppers | C03 | 27827530525 |
| | Helene | Kruger | B15 | 27824483406 |
| 14 Okt | Andries | Alberts | B07 | 27768510079 |
| | Nadia | Nel | B01 | 27828800797 |
| | Nelia | Prinsloo | A02 | 664 4368 |
| | Michiel | van Rooy | C04 | 27825580373 |
| | Andrea | Zaayman | C10 | 27729906432 |
| 15 Okt | Bertie | Stavast | C09 | 27827855475 |
| 16 Okt | Ingemari | Briel | B02 | 27736180652 |
| 17 Okt | Marieta | Fourie | B07 | 27827767151 |
| 18 Okt | Ben | vd Walt | A11 | 27824024095 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14 Okt | Gideon | Cronje | C05 | 27763079223 |
| | Leah | Maree | C02 | 27824412799 |
| 15 Okt | Nic | Buys | B11 | 27826667779 |
| 16 Okt | Ian | Gerber | C14 | 27827227097 |
| 19 Okt | Nicolas | Coetzee | C08 | 27829273146 |

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Passage: 2 Timothy 3: 16,17
Rev Lourens Venter

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Maureen Beumer sterk aan na 'n skoueroperasie (C7—082 297 6446).
- Ria Vorster sterk tans aan in 'n gewone saal te Groenkloof Hospitaal (A17—082 855 1305).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Gemeentevergadering

Op **Sondag, 27 Oktober** word 'n gemeentevergadering gehou voor die oggend-erediens waarby die beplanning van 2025 aan die lidmate deurgegee gaan word.

## Hervormingsondag



27 Oktober 2024

Gesamentlike aanddiens

om 18:00

Die program sluit samesang tot eer van God in.

Almal welkom!!